GEBEDSFOKUS – 13 April 2010

As jy ver van God voel wanneer jy bid,
Moenie dink dit is Gód wat padgegee het nie.
Thomas Fuller

Hand.1:8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.

JERUSALEM/JUDEA

Ons Gemeente

Eredienste: Ons tree in vir almal wat die Woord bedien: eredienste, meditatiewe dienste, kinderkerk, tienerdiens, aanddiens, omgeegroepe, ens.

Huisgesinne: Mag ons saam met Josua sê: "Ek en my huisgesin sal die Here aanbid." *Jos.24:15*

Persoonlik: Vader, leer my om groter ontsag vir U te hê. As ek U eerbiedig en altyd lewe vorlgens U gebooie, sal U my bewaar en red uit die mag van my vyande. Amen.

Siekes: Mare Redelinghuys (kanker); Linda Matthee (kanker); Lizette Retief (lupis); Freda Hamman (erg verswak); Annelena Theron (kanker); Lizette Louw (breintumor); Salomien Groenewald (hart); Marina Crafford (rugoperasie); C.J. Borstlap (kanker); Letha Steenekamp (verswak); Koos Bredell (kanker); Rala Hulme (heupvervanging); Dorothea Mostert (kanker); Dup du Plessis (kanker); Jack van Niekerk (drie operasies); Miemie Smit (kleinseun raakgery, ernstig); Pieter Kellerman, Elsabe Smit se pa (beroerte)

Ps.73:26 My liggaam en my hart kan kwyn, maar God is my blywende krag en erfdeel vir altyd.

Rou: Phillip Mans (oorlede); Jeanne Bestbier (vader oorlede); Willie Nienaber (broer oorlede)

Die Helderberg Kom

Besighede: Besigheidsmanne het gedurende die afgelope paar jaar ernstige verliese in hul ondernemings gely. Bid asseblief dat sakemanne God se wil in hul besighede sal soek. Bid dat dié wat in elke besluit God se wil gesoek het, die vrugte sal pluk van 'n regverdige lewe. Vra dat hulle so sal optree dat dit 'n getuienis vir die Here sal wees. Ps.1:1

SAMARIA

Suid-Afrika

Politieke onrus: Kom ons tree ernstig in vir ons land. Met die moord op Eugene Terreblanche en die aksies van Julius Malema kan gemoedere opvlam. Ons bid God se vrede wat alle verstand te bowe gaan, oor die betrokke partye.

Afrika

Ghana: Christene 63%, Moslems 21% Tradisioneel Etnies 15% Bid vir die regering, dat hulle hulself aan God sal onderwerp, eerder as aan menslike ideologië en demoniese invloede. Bid dat hulle sal streef na die beste vir die 100 etniese groepe in Ghana. Sedert 1995 was daar inter-godsdienstige onrus, sowel as onderlinge gevegte tussen bevolkingsgroepe.

DIE EINDHOEKE VAN DIE AARDE

Noord-Korea: Alle godsdienste word erg onderdruk. Baie duisende Christene is sedert die Koreaanse Oorlog van 1953 vermoor. Noord-Korea is 16e op die indeks van lande waar Christene die meeste vervolg word. Kom ons bid vir die leier, Kim Sung, dat hy deur die Heilige Gees verander sal word, sodat hy die ware God sal aanbid. Bid vir die fisiese en geestelike beskerming van Noord-Koreaanse Christene. 100 000 is in strafkampe geïnterneer.